**Nou sal jy sien wat Ek gaan doen!**

**Eks 4:18-6:7**

**17 Maart 2024**

1. Vantevore: Die Here roep Moses by die brandende doringbos. Moses opper besware: Hoekom ek? Wat is die Naam van die Here? Wat as hulle my nie glo nie? Ek is nie 'n man van woorde nie. Die Here antwoord: Hy is by Moses, Hy is "Ek is", Hy gee 3 tekens wat volledigheid van verlossing uitbeeld, Hy stuur Aäron.
2. Moses se seun se besnydenis (Eks 4:24-26)
    a. Onverwags: Die Here wil Moses doodmaak op pad na Egipte! (v24)
    b. Sippora verstaan die rede: Hulle seun is nie besny nie (v25)
    c. Sippora besny hulle seun, raak aan Moses se voete, en die Here laat Moses met rus (v25-26)
    d. Moses was nalatig: Sy seun dra nie die verbondsteken nie, terwyl Moses juis op pad is om die volk uit te lei as vervulling van die Here se verbondsbelofte
3. Moses en Aäron se eerste ontmoeting met die Here (Eks 5:1-5)
    a. Vgl Eks 5:1 met Eks 3:18:
        - Moses en Aäron vs Moses en oudstes – ander afvaardiging
        - So sê die Here vs Die Here het Hom bekend gemaak – ander benadering
        - God van Israel vs God van Hebreërs – ander terminologie
        - Laat ons gaan vs laat ons net vir 3 dae gaan – ander versoek
        - Eks 5:3b – die Here sal hulle met pessiekte en swaard tref – byvoeging
    b. Farao se reaksie: Hy erken nie die Here nie, en sal die volk nie laat trek nie (v2)
    c. Vervolgens benader Moses-hulle die farao in lyn met die Here se opdrag (v3)
    d. Farao is onverbiddelik – maak werkslas groter (v4-21)
    e. 40 jaar gelede – Moses onsuksesvol want hy was nie deur die Here geroep nie
    f. Nou – Moses oënskynlik weer onsuksesvol al is hy geroep, want hy werk nie akkuraat nie
4. Moses se worsteling met die Here, en die Here se antwoord (Eks 5:22-6:7)
    a. Moses blameer die Here (5:22-23)
    b. Maar in Eks 3:19-20 het die Here gesê die farao sal weier
    c. Antwoord van die Here: Nou sal jy sien... (5:24):
        - Wat die Here met die farao gaan doen (5:24)
        - Die Here sien as "Ek is" (6:1-2)
        - Die vervulling van die verbondsbeloftes sien (6:3-4)
        - Hoe die Here dit gaan doen (6:5-6):
            - deur los te koop (6:5)
            - deur hulle Sy volk te maak en hulle God te wees (6:6)
5. Hoe vergelyk Moses in hierdie gedeelte met die Here Jesus?
    a. Moses ≠ Jesus, Moses = tipe van Jesus
    b. Moses as feilbare mens moes gehoorsaamheid leer
    c. Jesus as volmaakte mens moes ook gehoorsaamheid leer / demonstreer deur lyding (Heb 5:7-10, vgl Mat 4:4)
6. Implikasies vir ons
    a. Gelowiges is geroep met verskeie opdragte, kan ook nalatig wees – soos Moses
    b. Wil ook dikwels die Here blameer as ons nie suksesvol is nie en lyding beleef
    c. Onthou: (1) ons moet gehoorsaamheid leer (2) ons moet leer om te sien